JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK-EKSAMEN

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISONELE TAAL

VRAESTEL 3

JUNIE 2014

PUNTE: 100
TYD: 2 ½ UUR

Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

INSTRUKSIES:

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)

2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

   VOORBEELD:

	LINKERBLADSY **BEPLANNING/REDIGERING** **Kan** só lyk			**REGTERBLADSY** **FINALE PRODUK**	
	 Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.		**1.2.**	Byvoorbeeld: **Die sokkerwêreldbeker**	

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.

7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:

   - 80 minute aan Afdeling A
   - 40 minute aan Afdeling B
   - 30 minute aan Afdeling C.

AFDELING A: OPSTEL
VRAAG 1

- Kies EEN vraag en skryf 200 – 250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1.

Ek weet ek sal dit kan doen!	

OF

1.2. Jy wil aan 'n opstelkompetisie deelneem wat jy in "Die Rapport" koerant gesien het. Die tema van die opstel is "Die foto's op my selfoon". Die Prysgeld is R1000.

	Die foto's op my selfoon.

Dink aan die volgende:

- Wat se foto's jy op jou selfoon het.
- Hoekom jy díe spesifieke foto's gestoor het.
- Waar jy die foto's gekry het.
- Spesiale geleenthede se foto's.
- Foto's van vriende of familie.

OF

1.3.

Ek stem!

OF

1.4.

Die park in my omgewing.

OF

1.5.

My toekoms is vir my belangrik en daarom...

OF

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6.1.

OF

1.6.2.

OF

1.6.3.



TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE
VRAAG 2

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1.

Voldag pos beskikbaar vir 'n drywer met eie voertuig om aflewering te doen by Môreglans ouetehuis vanaf 1 Julie 2014 *Kontak Susan: 011 660 2209.* *Vereistes: Engels en Afrikaans sprekend en Kode 08 (EB) rybewys.* *Faks CV en DEKBRIEF na 086 624 1320 of epos scholtzhe@mweb.co.za* *Aansoeke sluit 11 Junie 2014.*	Jy wil graag vir die werk aansoek by Môreglans Ouetehuis. Skryf 'n CV met 'n DEKBRIEF vir die pos. Jy kan die volgende riglyne in jou DEKBRIEF gebruik om jou te help: • Besonderse karaktereienskappe wat jou geskik maak vir die pos. • Vorige ondervinding van aflewering. • Hoekom jy dink dat jy geskik vir die pos is.

OF

2.2.

Skryf 'n DIALOOG waarin jy en 'n vriend / vriendin praat oor wat julle die naweek wil doen. Skryf oor dinge soos:

- Wat julle wil doen.
- Hoekom julle dit wil doen.
- Wat die reëlings gaan wees.

OF

2.3.

Skryf 'n BOEKRESENSIE oor 'n boek wat jy gelees het. Onthou om dinge in te sluit soos:

- Die naam van die boek.
- Die publikasiedatum, uitgewer en prys.
- Die karakters.
- Die storielyn in kort. (Moenie die einde weggee nie.)
- Wat jy van die boek dink.
- 'n Punt uit 10.

OF

2.4.

Jy het besluit om die skool te verlaat. Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan 'n vriend / vriendin waarin jy hom / haar hiervan vertel en advies vra daaromtrent.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

- Hoekom jy die skool wil verlaat.
- Wat jou ouers se reaksie was toe jy hulle vertel het.
- Wat jou vriende se reaksie was toe jy hulle vertel het.
- Wat jou onderwysers se reaksie was toe jy hulle vertel het.
- Wat jy eerder wil doen as om klaar te maak met skool.

TOTAAL AFDELING B: 30

EN

AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE
VRAAG 3

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. Jy is sopas vertel dat jy deel van die RCL van die skool is. Skryf 'n DAGBOEKINSKRYWING oor hoe jy voel.

OF

3.2. Jy wil graag hê tieners moet by julle sportklub in die omgewing aansluit. Ontwerp 'n PLAKKAAT wat jy oral in jou gemeenskap kan opsit om meer lede te kry.
Onthou om die volgende in te sluit:

- Die tipe sportsooorte wat julle aanbied.
- Tyd, datum en plek van julle.oefensessies / wedstryde.
- Redes waarom jy dink ander tieners moet aansluit.
- Illustrasies. (Tel nie vir punte nie)
- Kontaknommers.

OF

3.3. Skryf die INSTRUKSIES oor hoe om enige van die volgende smulhappies te maak.
Kies NET EEN.

			
Hamburger	Kaastoebroodjie	Warmbrak	Vrugteslaai

TOTAAL AFDELING C: 20

VRAESTEL TOTAAL - 100